Bybelverspreiding (BVS) maak 'n verskil

Augustus 2026

Die afgelope jaar was ons weer oorweldig deur die aanvraag na Bybels - ons het meer as 800 Bybels in 9 verskillende tale versprei! Dit bly vir my verstommend hoe die mense wat die Bybels ontvang besondere blydskap en dankbaarheid beleef. Veral as die Bybel in hulle moedertaal is.

BVS is ’n maklike Uitreikprojek om by betrokke te raak. Jy kan deur eenvoudig uit te reik na die mense rondom jou, uitvind of hulle ’n Bybel benodig - die antwoord mag jou dalk net verbaas. Jou lewenspad het dalk nie net toevallig met daardie persoon s'n gekruis nie.

Om dit moontlik te maak, benodig ons skenkings van gebruikte Bybels en fondse om nog Bybels aan te koop. Jou skenking is baie waardevol - help ons om 'n verskil te maak in mense se lewens deur aan hulle die Woord van God te gee!

Grazie Beets
021 851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Bybelverspreiding onder ons haweloses

Baie dankie aan Helderberg Uitreik se Bybelverspreiding projek wat dit vir ons moontlik maak om Bybels aan Somerset-Wes se hawelose gemeenskap beskikbaar te stel. Alhoewel die persepsie tog bestaan dat 'n hawelose persoon nie 'n behoefte aan 'n eie Bybel het nie is dit allermins die geval en is hulle opreg bly om 'n eie Bybel te besit. Ons ervaar dit weekliks wanneer ons saam met 'n groepie by Thomas House of Hope Bybelstudie doen.

Die Somerset-Wes Nag- en Familieskuiling word letterlik oorlaai met allerlei skenkings, maar ongelukkig word Bybels selde geskenk en daarom is Helderberg Uitreik se Bybelverspreiding projek van onskatbare waarde om ook by hierdie twee instansies die evangelie uit te dra.

Annemarié Hollenbach
nms Omgee-gemeente
Augustus 2024



Een van ons Familieskuiling lidmate ontvang 'n bybel by Annemariè.

Uit Helderberg Gemeente se Heldernuus van 21 Augustus 2024:

Bybelverspreiding

Bybelverspreiding (BVS) is ‘n projek wat God se Woord aan mense oordra deur ‘n Bybel aan hulle te gee. Die afgelope jaar het ons projek oor die 700 Bybels versprei, waarvan die meeste Afrikaans was (sien tabel vir meer statistiek).

BVS strewe daarna om soveel as moontlik Bybels aan mense in hul moedertaal te versprei en daarmee saam God se liefde en hoop. Neem ook kennis daarvan dat ons gebruikte Bybels ontvang en weer versprei, so bring asseblief jou ekstra Bybels vir ons.

Kontak my gerus indien jy Bybels benodig vir verspreiding ek help graag, by die kerkkantoor (021 851 5582) of e-pos ontvangs@nghelder.co.za

Seënwense, Grazie Beets

(Grazie werk by Helderberg Gemeente se Ontvangs deur die dag so jy kan sommer daar by haar die Bybels inhandig of koop.)

Bybelverspreiding (November 2024)

Dié projek het hande gevat met die Hemel-op-Aarde projek
en 106 Bybels geskenk aan elkeen van die skooltjies wat deel is van hulle projek.

Die Bybels gaan gegee word saam met die
Kuns vir Koningskleuters / Crafts for Kingdom Kids wat pas gepubliseer is.

Daar is Arikaans, Engels en Xhosa Bybels gegee.

Uit Helderberg Gemeente se Heldernuus van 27 Augustus 2025:

Bybelverspreiding is 'n Uitreikprojek waar jy enige tyd en/of plek 'n verskil kan maak in mense se lewens. Daar is nog so baie mense wat honger is vir die Woord van die Here. Ons bestaan tans uit 'n groepie mense wat Bybels uitdeel aan mense wat hierdie behoefte het. As jy eers begin, sal jy verbaas wees hoe die Here jou lei na die mense wat dit regtig nodig het. Ons versprei Bybels in verskillende tale en probeer om aan elkeen in sy moedertaal te voorsien. Ons help gereeld van die ander projekte met Bybels en versprei reg oor die hele land.

Indien jy graag betrokke wil raak, kontak my gerus
by ontvangs@nghelder.co.za of 021 851 5582.
Grazie Beets